Die Hoër Tegnologiese Skool
John Vorster

# INFORMASIE EN KOMMUNIKASIE TEGNOLOGIE-BELEID (E-LEERBELEID)

012 332 1760 info@htsjv.co.za
Meyerstraat 1072, Rietfontein Posbus 31714, Totiusdal, 0134
www.htsjohnvorster.online

**INHOUDSOPGAWE**


1 Informasie en kommunikasie tegnologiebeleid (E-leerbeleid)
2 Inwerkingtredingsdatum
3 Datum van hersiening
4 Hersieningsgeskiedenis
5 Voorwoord
6 Doel van IKT-beleid
7 Definisies en Akronieme
   7.1 Definisies
   7.2 Akronieme
8 Toepassing en omvang van IKT-beleid
9 Regsgrondslag
10 Kernbeginsels van die IKT-beleid
11 Aanvaarbare gebruik van IKT
12 Regulasies
13 Remediërende aksie
14 Goedkeuring

**Dokumenttipe: Beleidsdokument**
**Vorige Weergawe: 2017 / 2**
**DOKUMENTKONTROLE**

## 1. INFORMASIE EN KOMMUNIKASIE TEGNOLOGIEBELEID VAN DIE HOëR TEGNOLOGIESE SKOOL JOHN VORSTER (E-LEERBELEID)

## 2. INWERKINGTREDINGSDATUM: 1 AUGUSTUS 2021

## 3. DATUM VAN HERSIENING: 1 AUGUSTUS 2022

## 4. HERSIENINGSGESKIEDENIS

| **Datum van hersiening:** |
|---|
| 30 November 2017 |

## 5. VOORWOORD

Die effektiewe gebruik van Informasie en Kommunikasie Tegnologie (IKT) is vinnig besig om 'n integrale deel te word van die moderne samelewing. Gebruikers moet dit dus met gemak kan gebruik vir leer, gerief en akademiese werk. Dus glo ons by HTS JOHN VORSTER dat IKT geïntegreer moet word by die kurrikulum. IKT is 'n effektiewe manier vir die soek en gebruik van inligting as deel van die onderrigproses. Deur die implementering van 'n effektiewe IKT-strategie sal ons gebruikers aanmoedig om IKT-hulpmiddele te gebruik om hulle leer oor alle leerareas te bevoordeel. Die IKT-beleid dien as 'n meganisme om onderrigmetodes en -aanbiedings van 'n vak te verbeter. Dus wil ons IKT-vaardighede oor alle ouderdomsgroepe en leerareas in 'n veilige en gekontroleerde omgewing ontwikkel.

Die IKT-beleid bestaan uit vier dele: die eerste definieer die opvoedkundige riglyne van die skool ten opsigte van die rol van IKT in onderrig en ontwikkeling, die tweede deel beskryf die toelaatbare gebruik van IKT-hulpmiddele, die derde deel definieer die IKT-regulasies en die vierde deel sal fokus op remediërende stappe en aksies om oortredings van die beleid aan te spreek.

## 6. DOEL VAN DIE E-LEERBELEID

Om die toegang en gebruik van internet, selfone, tablette en enige ander elektroniese apparate te beheer wat koppel aan die netwerk van HTS JOHN VORSTER.

## 7. DEFINISIES EN AKRONIEME

### 7.1 Definisies

| Term | Definisies |
|---|---|
| Onderwyser | Verwys na enige persoon, ook indien buitekurrikulêre aktiwiteite deur hom/haar aangebied word, wat onderrig, opvoed, professionele dienste verskaf, professionele terapie en sielkundige dienste asook enige opleiding verskaf |
| Leerder | Verwys na enige persoon wat opvoedkundig onderrig word of wat veronderstel is om onderrig te word |
| Ouer | a) Die biologiese ouer of wettige voog van die leerder;<br>b) Die persoon wat die verantwoordelikhede van 'n persoon soos in (a) genoem, teenoor 'n leerder se skoolopvoeding vervul |
| Skoolhoof | Aangestelde onderwyser wat as hoof van die skool optree |
| Skool | Die Hoër Tegnologiese Skool John Vorster |
| Beheerliggaam | Die liggaam verantwoordelik vir staatsake |

### 7.2 Akronieme

| Akroniem | Verduideliking |
|---|---|
| IKT | Informasie en Kommunikasie Tegnologie |
| GDO | Gautengse Departement van Onderwys |
| DH | Departementshoof van die skool |
| HoD | Hoof van die Provinsiale Onderwysdepartement |
| MEC | Lid van die Uitvoerende Raad van n provinsie, verantwoordelik vir Onderwys in die provinsie. |
| PAM | Personeel Administrasie Maatstawwe |
| VLR | Verteenwoordigende Leerderraad |
| BL | Beheerliggaam |
| SMT | Skoolbestuurspan |

## 8. TOEPASSING EN OMVANG VAN E-LEERBELEID

Hierdie beleid is van toepassing op alle geregistreerde leerders, onderwysers, ondersteunende personeel, die skoolbestuurspan, besoekers en ouers van leerders van Die Hoër Tegnologiese Skool John Vorster.

## 9. REGSGRONDSLAG

9.1 The Constitution of the Republic of South Africa, 1996 (Act No. 108 of 1996), as amended.
9.2 National Education Policy Act, 1996 (Act No. 27 of 1996), as amended.
9.3 The South African Schools Act, 1996 (Act No. 84 of 1996), as amended.
9.4 Employment of Educators Act, 1998 (Act No. 76 of 1998).
9.5 Education Policy Act, 1998 (Act No. 12 of 1998).
9.6 Gauteng Schools Education Act, 1995 (Act No. 6 of 1995).
9.7 Die Elektroniese en Transaksie Wet, Wet 25 van 2002
9.8 Suid Afrikaanse Film en Publikasie Wet, Wet 65 van 1996

## 10. KERNBEGINSELS VAN DIE IKT-BELEID

IKT-toegang en -gebruik sal beplan word vir die verryking en uitbreiding van onderrig- en leeraktiwiteite. Toegangsvlakke sal hersien word om die kurrikulumbenodighede, sowel as die ouderdom van die gebruikers, in ag te neem. Personeel moet die persoon leiding gee om ondersteunende aanlynaktiwiteite te gebruik met die oog op ontwikkeling van leeruitkomstes en vaardighede van die persoon, soos deur die KABV deur elk bepaal. Die gebruiker sal onderrig word in die effektiewe gebruik van IKT in navorsing, insluitende die gebruik van vaardighede om inligting te soek, af te laai en dit te evalueer (verwys na KABV).
Die IKT-ontwikkelingsriglyne is gegrond op die volgende kernbeginsels:

### 10.1 Begeleide opvoedkundige gebruik

Kurrikilum-gebaseerde gebruik van IKT moet beplan, taak-georiënteerd en opvoedkundig wees binne 'n gereguleerde omgewing. Terwyl opvoedkundige voordele die gevolg behoort te wees vir die gebruik van IKT, kan dit ook gebruik word in aktiwiteite om kreatiwiteit, innovasie en 'n ondersoekende natuur te ontwikkel.
Begeleide opvoedkundige gebruik kan op die volgende fokus:

- algemene rekenaargebruik asook gebruik van netwerke, bv. WI-Fi
- gebruik van die internet
- gebruik van internetbronne bv. maar nie beperk tot, geselsbladsye, soekbladsye ens.
- die gebruik van e-pos
- gebruik en interaksie met sosiale media en sosiale groepe
- toegang tot lesinhoud en assesseringsbronne (argiefmateriaal)
- aanlynassessering
- interaktiewe lesse
- algemene kommunikasie.

### 10.2 Risikobestuur, -assessering en verantwoordelikheid

Internetveiligheid steun op personeel, skole, raadgewers, ouers en waar van toepassing, moet die persoon self die verantwoordelikheid aanvaar vir die gebruik van die internet en ander kommunikasie-tegnologie, bv. selfone. Die balans tussen die opvoeding van die persoon om verantwoordelik te wees en die gebruik van die regulasie en tegniese oplossing, moet oordeelkundig beoordeel en bestuur word. Vandag se lewe met tegnologie, hou baie gevare in waarteen die persoon beskerm moet word, bv. gevare soos seks, geweld, rassisme en uitbuiting. Terselfdetyd moet die persoon die gevare kan herken en dit vermy of dit reg kan hanteer. Hulle moet dus "internet-slim" word. Die IKT-ontwikkelingsprogram moet verseker dat die persoon ten volle bewus is van die gevare. Daar moet met die persoon 'n risiko-assessering gedoen word sodat daar voorkomende en regstellende aksieplanne in plek gestel kan word, sodat die persoon beskerm kan word. Die persoon kan toegang tot die internet verkry by enige ander plek, bv. klubs, biblioteke, ouerhuis ens. Ideaalgesproke moet die persoon dan dieselfde prosedure volg in terme van die risikobestuur en -assessering.

## 11. AANVAARBARE GEBRUIK VAN IKT

### 11.1 Sekuriteit

Om die skool se rekenaars en netwerke te gebruik, moet die gebruiker sy gegewe gebruikersnaam en wagwoord gebruik. Die gebruiker mag slegs 'n toestel gebruik om aan die netwerk te koppel waarvan die MAC-adres gekoppel is aan sy gebruikersnaam.

Gebruikers mag nie ander gebruikers se gebruikersname en wagwoorde gebruik nie en hulle mag nie probeer om toegang te verkry tot dokumente en inligting waarvoor hulle nie toestemming het nie. Wagwoorde moet vertroulik gehou word en gebruikers mag nie toestemming aan ander gebruikers gee om met hulle inligting aan die netwerk te koppel nie. Gebruikers mag nie onwettig toegang verkry, of probeer om onwettig toegang te verkry tot die skool se netwerk nie, maak nie saak wat die rede of die doel is nie. Genoemde toegang of selfs net die poging daartoe, is 'n kriminele oortreding onder die Elektroniese en Transaksie Wet, Wet 25 van 2002. Terwyl 'n toestel aan die skool se netwerk gekoppel is, mag dit onder geen omstandighede gebruik word om 'n "Wi-Fi HOTSPOT" te maak nie. Eksterne gebruikers kan so toegang verkry tot die netwerk wat groot skade kan veroorsaak.

Die volgende is ontoelaatbaar op die skool se rekenaartoerusting en netwerke, sonder die direkte toestemming van die IKT-komitee of 'n gedelegeerde komiteelid van die IKT-komitee:

- veranderinge aan geïnstalleerde sagteware en / of hardeware.
- aflaai en / of poging en / of installering van enige sagteware op die skool se rekenaars.
- aflaai en / of installering van toepassings op slimfone /enige ander elektroniese toestelle.

### 11.2 Anti-virus

Moontlike bronne van virusse sluit die volgende toerusting in:

CD-ROM's
USB-geheuestokkies
e-pos (inluitende, maar nie beperk tot aangehegte dokumente)
sagteware
dokumente wat vanaf die internet gelaai word of selfs oor netwerke gekopieer word.

Om die skool se rekenaars te beskerm, moet daar voorgeskrewe antivirusprogramme op al die rekenaars geïnstalleer word en gereeld opgedateer word. Alle gebruikers wat oor enige rekenaar, skootrekenaar of enige vorm van elektroniese toestel, bv. tablette en selfone beskik wat daarmee op die netwerk koppel, moet voorgeskrewe antivirussagteware geïnstalleer hê wat gereeld opgedateer word. Indien enige toestel gevind word wat nie antivirussagteware op het nie, sal toegang tot die netwerk geweier word totdat die probleem reggestel is.

### 11.3 Internettoegang en die gebruik van IKT

#### 11.3.1 Internettoegang

Alle internettoegang moet deur die skool se netwerk geskied, hetsy deur die Wi-Fi of deur 'n netwerkkonneksie. Indien die gebruiker oor 'n toestel beskik wat 'n datakonneksie het, bv. selfoon of tablet, mag die gebruiker die internet gebruik terwyl hulle op die skoolgronde is solank hulle by die reëls en regulasies van die beleid hou.

### 11.3.2 Onwettige en ongemagtigde aktiwiteite

Gebruikers mag onder geen omstandighede, maak nie saak watter diens gebruik word, in die besit wees van onwettige materiaal nie. Onwettige materiaal mag ook nie deur 'n persoon versprei word nie. Die persoon moet bewus wees daarvan dat die internet 'n globale netwerk is en dat sommige aktiwiteite of materiaal wat wettig in Suid-Afrika is, onwettig by die skool kan wees, so ook andersom. Indien daar enige twyfel is, moet die gebruiker homself / haarself weerhou van die aktiwiteit of inligting.

### 11.3.3 Aflaai

Alhoewel die skool se datagebruik nie beperk word nie, kan die netwerk stadiger raak namate die aantal gebruikers toeneem. Dus sal die gebruikers geduldig moet wees wanneer daar dokumente of inligting afgelaai word. Daar sal dus sekere beperkings wees wanneer dit kom by die aflaai van inligting. Daarom sal daar ook sekere tye wees wanneer sekere gebruikers geen internettoegang sal hê nie. Deur sekere tipes dokumente of programme af te laai, kan daar sekere tipes virusse en ander sekuriteitsbedreigings op die netwerk ontstaan, daarom sal sommige tipes data geblok word. Om sagteware af te laai wat geblok is, moet die IKT-komitee geraadpleeg word.

### 11.3.4 Deel van programme en inligting (toestel-na-toestel-netwerk)

Die deel of stuur van inligting of programme deur gebruik te maak van BLUETOOTH, INFRAROOI ens. is slegs toelaatbaar indien dit opvoedkundige materiaal sonder kopiereg is.

### 11.3.5 Inligting wat aanstoot gee

Die internet het die potensiaal om uitstekende, opvoedkundige hulp aan die persoon te verskaf, maar daar is groot kommer oor die toegang wat dit bied tot aanstootlike materiaal en inligting ten opsigte van internetgebruik.

Internettoegang deur die skool se netwerk word gemonitor en gefiltreer. Indien die gebruiker op enige webwerwe of inligting afkom wat aanstoot gee, moet die gebruiker dit onmiddellik by die IKT-komitee aanmeld. Onder geen omstandighede mag die gebruiker hierdie inligting met ander gebruikers deel nie. Indien daar vermoed word dat 'n gebruiker vermoedelik aanstootlike materiaal, of as hulle gevang word dat hulle probeer om toegang daartoe te verkry, sal hulle toegang tot die netwerk geweier word en daar mag verdere dissiplinêre stappe geneem word.

Dit is 'n kriminele oortreding, selfs vir 'n kind, om kinderpornografie te vervaardig, af te laai, te versprei of selfs daarna te kyk of dit te vertoon.
In Suid-Afrika is die definisie van kinderpornografie vervat in die Suid Afrikaanse Film en Publikasie Wet, Wet 65 van 1996, en lui soos volg: " Kinderpornografie sluit die volgende in: enige foto's (werklik of nageboots), maak nie saak hoe dit vervaardig is nie, wat enige persoon vertoon, wat moontlike of werklik jonger as agtien jaar oud is, wat betrokke is by seksuele aktiwiteite, die vertoon van geslagsdele wat lei tot seksuele uitbuiting, of die deelname of die ondersteuning van 'n ander persoon om seksuele dade uit te voer sodat die kind blootgestel of verneder word. "

Dit is ook onwettig, selfs vir 'n kind, om pornografie te versprei of aan ander kinders te vertoon.

#### 11.3.6 Sosiale netwerke en webtuistes

Toegang tot sosiale netwerk (bv. Facebook, Twitter, Instagram, Myspace, WhatsApp ens.) word slegs toegelaat voor en na amptelike skoolure en tydens pouses. Dit sal nie toegelaat word tydens onderrigtyd nie, tensy die onderwyser die opdrag gee, omdat dit deel is van daardie spesifieke les. Indien die persoon enige kommentaar, foto's ens. plaas op die sosiale netwerke, mag dit nie van so 'n aard wees dat die persoon, enige ander persoon, die personeel of die skool in 'n slegte of negatiewe lig geplaas word nie en dit moet met toestemming van die betrokke persone gedoen word. Dit moet te alle tye opbouend en positief wees. Die persoon moet seker maak dat hulle nog steeds by die gedragskode van die skool hou. Die persoon moet verantwoordelik, deurdag en konsidererend wees.

#### 11.3.7 Aanlyn e-pos

Toegang tot aanlyn e-posverskaffers (bv. HOTMAIL, YAHOO en GMAIL) word toegelaat. Dit mag slegs gebruik word vir korrespondensie met familie en vriende. Dié dienste mag nie gebruik word vir die aflaai, oplaai en stuur van ongemagtige en onwettige lêers nie.

#### 11.3.8 Internettoegang via 'n Derde party of PROXY

Om toegang tot die internet te verkry deur gebruik te maak van 'n derde party, "PROXY", sal nie toegelaat word nie. 'n Gebruiker mag ook nie met sy toestel wat aan die netwerk gekoppel is, 'n HOTSPOT skep nie.

#### 11.3.9 Boodskappe (IM)

Die gebruik van boodskapverskaffers (bv. MSN, AOL, WhatsApp, ens.) sal toegelaat word, mits dit voldoen aan die beleid en skoolreëls.

#### 11.3.10 Kletskamers

Alvorens enige gebruiker aanlynkletskamers mag besoek, moet hul hulself eers vertroud maak, met hoe dit werk, sowel as al die gevare van dié tipe webtuistes.

- Die gebruikers mag onder geen omstandighede persoonlike inligting aan ander verskaf nie. Die gebruik moet ook voldoen aan die beleid en skoolreëls.

#### 11.3.11 Mediastroming

Skoolverwante klank- en videostroming d.m.v. die internet sal slegs toegelaat word met die onderwyser se toestemming.

#### 11.3.12 Plagiaat en die Internet

Plagiaat is die diefstal van idees en werke van ander outeurs en dan aan te dui dat dit jou eie werk is. Leerders moet bewus wees daarvan dat plagiaat nie net gesien word as oneerlikheid nie, maar ook waar genoeg inligting gekopieer word, dit as krimineel, volgens kopieregwet, beskou word.

#### 11.3.13 Skoolverwysings

Indien die persoon direk of indirek na die skool verwys of kommentaar lewer op enige webwerwe, moet dit van so 'n aard wees dat die persoon homself nog steeds hou by die gedragskode van die skool, sowel as om die persoon en / of die skool in 'n goeie, positiewe lig te stel.

### 11.3.14 Gebruik van die skool se netwerke

Daar sal 'n breëbandnetwerk vir die gebruik vir opvoedkundige doeleindes beskikbaar wees. Die hoofdoel daarvan sal wees om inligting vanaf die netwerk vir opvoedkundige doeleindes, op en/of af te laai. Die verlening van netwerktoegang berus op die diskresie van die IKT-komitee. Die netwerkfasiliteite se doel is uitsluitlik vir opvoedkundige doeleindes. Om toegang te verkry tot die netwerk, kontak die IT-afdeling.

### 11.3.15 Drukwerk

Slegs onderwysers mag van die netwerkdrukkers gebruik maak.

### 11.3.16 Kuberboelie

Kuberboelie word gedefinieer as boelie d.m.v. die gebruik van e-pos, mobiele- en teksboodskappe, persoonlike webtuistes en / of geselskamers.
Kuberboelie is wanneer 'n persoon, ongeag van sy / haar ouderdom, bedreig, gedreig, geteister, verneder, verkleineer of andersins geteiken word deur ander gebruikers, ongeag van ouderdom, d.m.v. die gebruik van internet, interaktiewe en digitale media in samewerking met digitle tegnologie en selfone.
Enige verdagte kuberboelie moet onmiddellik aangemeld word, ongeag of dit binne of buite skoolure plaasvind.
Kuberboelie kan uit die volgende bestaan, maar is nie beperk hiertoe nie:

- herhaalde stuur van boodskappe bv. e-pos, deur iemand aanlyn d.m.v. kletskamers, gunstelingwebwerwe ens,
- skep van valse profiele, webbladsye of om voor te gee om iemand anders te wees d.m.v. e-posse, boodskappe ens,
- deur 'n verklaring te vervals en te plaas met die doel om derde partye betrokke te kry deur teistering ens,
- deur ander mense te registreer op pornografiese webwerwe, e-poslyste, gemors e-posse en ander boodskappe,
- deur in te breek op hul aanlynrekening en -profiele,
- deur hul wagwoorde te steel en / of te gebruik,
- deur foto's (ongeag van die bron, insluitend selfone met kameras) van 'n persoon sonder sy / haar toestemming aanlyn te plaas,
- die plasing van werklike of vervalste seksuele foto's van ander mense,
- die deel en verspreiding van persoonlike inligting van ander mense,
- deel van persoonlike inligting rondom 'n persoon (seksuele inligting, spesiale probleme ens.),
- deel van kontakbesonderhede van 'n persoon wat gekoppel word aan seksuele bedrywighede (bv. "Vir 'n lekker tyd kontak.... "Ek stel belang in......... seks
- deur die persoon aan te gee vir egte — of konfronteerde kontrakbreuk van sekere diensvoorwaardes,
- deur 'n ander persoon aan te moedig om sekere lyste op die internet te plaas bv. Top sletlys ens., en dan 'n spesifieke persoon by die lys in te sluit,
- deur negatiewe kommentaar te lewer en te plaas op 'n ander persoon se blog, so ook om 'n ander persoon aan te moedig om dieselfde te doen,
- deur onwettig toegang te verkry tot 'n ander persoon se toestel en aan die persoon virsusse ens. te stuur,
- om dreigemente aan ander te stuur (bv. die president van Suid-Afrika) of om andere aan te val terwyl jy jouself voorhou as 'n ander persoon.
- om ander na te boots op 'n ander persoon se e-posse en boodskappe.

- om negatiewe kommentaar en / of assessering te gee op 'n ander persoon sonder 'n geldige rede of toestemming,
- deur 'n ander persoon te registreer of valse webbladsye te skep, asook om 'n profiel van 'n ander persoon op die internet te skep,
- plaas van aanstootlike en uitlokkende kommentaar, terwyl jy jou voordoen om iemand anders te wees (bv. om beledigende kommentaar te plaas oor 'n minderheidsgroep, ens.),
- stuur van "SPAM" en valshede terwyl jy jou voordoen om iemand anders te wees,
- verbreking van reëls van 'n spesifieke webblad of diens, terwyl jy jouself voorhou as 'n ander persoon,
- opstel van 'n stemming (bv. HOT or NOT) om sodoende 'n ander persoon te verneder en leed aan te doen,
- voorhou as 'n ander persoon, maak nie saak wat die bedoeling is nie,
- deur 'n persoon se kontakbesonderhede aan lyn te plaas met die doel om ander aan te moedig om die nommer te misbruik en om die persoon se selfoonkostes op te jaag,
- loods van 'n weiering om diens te lewer op 'n persoon se webblad,
- deur grappe oor 'n persoon aan te stuur,
- enige vorm van valse identifikasie.

**11.4 Selfone**
Sien die skool se dissiplinêre beleid rakende selfone.

## 12 REGULASIES

Die gebruik van IKT skep die moontlikheid van wangebruik en inherente gevare, bv. seks, geweld, rassisme en uitbuiting. Dit is dus die doel van die beleid om die gebruik van IKT-bronne te monitor, te beheer en te kontrolleer. Dit sal toegepas word binne in die raamwerk van die Grondwet van Suid-Afrika, die wette waaronder ons land regeer word, die beleid van die skool sowel as die morele en etiese standaarde. Oortredings van die beleid sal volgens die dissiplinêre beleid van die skool hanteer word.
Wangedrag in terme van die gebruik van IKT kan lei tot die oortreding van die skoolbeleid, dit kan lei tot 'n sosiale vernederende insident, 'n kriminele daad of die skending van 'n individu se regte.
Wangedrag met respek tot IKT kan 'n oortreding wees van enige van die volgende wette en kan lei tot 'n siviele of kriminele oortreding:

- oortreding van 'n persoon se konstitusionele regte in verhouding met, menswaardigheid, respek en die reg tot privaatheid,
- haatspraak of rassistiese kommentaar,
- onwettige toegang tot inligting,
- onwettige afluistering van kommunikasie,
- teistering, haatspraak of verbale afbreking,
- bedrog en korrupsie, uitbuiting,
- kopiereg en plagiaat,
- oortreding i.t.v. kinderpornografie.

Indien daar 'n oortreding plaasvind in terme van bogenoemde wette of teen enige persoon of personeellid, het die skool, sy personeel, ouers en persoon 'n wetlike verpligting om so 'n oortreding onmiddellik by die nodige owerhede aan te meld. Die versuim om bogenoemde te rapporteer, kan gesien word as 'n ernstige oortreding.

## 13. REMEDIËRENDE AKSIE

### 13.1 Monitor

Die skool het die verpligting en die reg om enige aktiwiteite op die IKT-netwerk te monitor, op te neem en te kopieer, om te sorg dat daar by die skool se reëls en beleide gehou word en dat daar geen onwettige bedrywighede is nie.
Indien die persoon verkies om sy / haar eie IKT-toestel te gebruik, insluitende selfone en tablette, en skool toe te bring, het die skool nog steeds die reg en die verpligting om sy/haar toestel(le) te monitor, om sodoende te verseker dat die persoon by die beleide en die reëls van die skool hou en dat alle werk wettig is.

### 13.2 Remediërende stappe en prosesse

Situasies gaan ontstaan waar die skool teenoor 'n persoon wat homself / haarself skuldig maak aan die verbreking van die IKT-beleid moet optree, om die persoon te beskerm teen enige eksterne partye, of teen 'n ander persoon. In alle omstandigede moet die skool korrek en vinnig optree deur die regte besluite te maak en aksies te loods. Dus moet die proses reg gedefinieer word en aan alle persone en personeel gekommunikeer word. Die persoon en personeel moet daarvan bewus wees dat die skool te alle tye sal optree om die skool, die persoon en sy personeel te beskerm en te help. Die skool sal volgens wetlike aspekte en regulasies optree.

Indien 'n oortreding aangemeld word, of as 'n oortreding vermoed word, sal die skool die nodige stappe neem om die situasie en nodige toestelle te monitor, op te neem en te kopieer om die nodige stappe te neem indien nodig, maak nie saak of dit private toestelle, of toestelle van die skool is nie. Die verantwoordelike persone, soos deur die skoolbestuur aangestel, sal die toestelle ondersoek en kyk of daar enige waarheid is in die aantuigings wat gemaak is. Die nodige wagwoorde moet deur die betrokke partye aan die ondersoekende beampte verskaf word.

'n Klagstaat sal saamgestel word vanaf die feite en eers dan sal die nodige dissiplinêre stappe teen die betrokke persoon(e), gevolg word, indien nodig.

Die skool sal alles in sy vermoë doen om die saak so vinning moontlik en konfidensieel af te handel en waar die skool kan, dit intern hanteer.

Indien dit die skool se wetlike verpligting is om die saak by die departement en owerhede aan te meld, sal die skool nie huiwer nie, maar die skool sal alles moontlik doen om die saak spoedig en konfidensieel af te handel. Die ouer en / of voog van enige betrokke persoon(e) sal ingelig word alvorens enige stappe geneem word.

## 14 GOEDKEURING

| | | | |
|---|---|---|---|
| **AANBVEVEEL DEUR HOOF** | **A DOWD** | HANDTEKNING | |
| **DATUM** | **1 AUGUSTUS 2021** | | |
| **GOEDGEKEUR DEUR BL-VOORSITTER** | **M KANTOR** | HANDTEKENING | |
| **DATUM** | **1 AUGUSTUS 2021** | | |
| **GEVERIFIEER DEUR GDO: (Distrikdirekteur)** | | | |
| **DATUM VAN VERIFIKASIE** | | | |
| **GESERTIFISEER DEUR:** | | | |
| **DATUM** | | | |

GAUTENG ONDERWYSDEPARTEMENT
DIE HOËR TEGNOLOGIESE SKOOL JOHN VORSTER
AMPTELIK / OFFICIAL
SKOOLSTEMPEL
PRETORIA
THE JOHN VORSTER SCHOOL FOR TECHNOLOGY
GAUTENG EDUCATION DEPARTMENT